

September 2017

## SKANDINAWIË NADERE BESONDERHEDE 23 Julie – 09 Augustus 2018

**Prys: R76 720 plus \*verpligte uitgawes van ± R7 820 en reisversekering**

- Vlieg met **KLM Johannesburg – Amsterdam – Helsinki** op **23 Julie** vir aankoms op **24 Julie**.
- Reis per luukse bus deur Skandinawië en besoek die hoofstede van Finland, Swede, Noorweë en Denemarke en van die mooiste plekke in Noorweë.
- Asemrowende treinrit van Flam na Myrdal en terug in Noorweë.
- Verskeie vaarte op van die mooiste fjorde.
- Besoek 'n gletcher en 'n gletsermuseum.
- Besoek Noordkaap vir middernagson.
- Binnelandse retoervlug van Oslo na Alta, die poort tot Noordkaap.
- Besoek 'n Laplander-kamp.
- Twee oornagvaarte met luukse veerbote.
- 'n Uiters gewilde toer met talle verrassings en met die klem op natuurprag.
- Twee uitgebreide etes daagliks.
- Vlieg op **08 Augustus** met **Air France Kopenhagen – Parys – Johannesburg** vir aankoms op **09 Augustus**.

**NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE (\*Verpligte uitgawes)**

- \*Verkryging van paspoorte en visums. U benodig 'n Noorse visum en moet self in Pretoria of Kaapstad daarom aansoek doen. Ons sal al die besonderhede oor visums betyds vir u stuur. 'n Noorse visum kos ± R1 200.
- \*Footjies vir gidse, busbestuurders en hotelpersoneel. U betaal dit vooraf in Suid-Afrika sodat u nie u sakgeld daarvoor hoef te gebruik nie: R1 620.
- \*Lughawebelasting/brandstofheffing: ± R 5000.
- Reisversekering, waaroor u later volledige besonderhede sal kry.
- Middagetes in Skandinawië. Die hotelle bied soggens en saans uitgebreide maaltye aan. Smiddae is ons onderweg met die bus.
- Foto's vir visums.
- Enkelkamer/kajuit-bybetaling: ± R13 140 waarvan ongeveer R6 000 net vir die twee nagte op die veerbote is. Dit sal dus help indien persone wat enkelakkommodasie verlang, kajuite op die veerbote deel vir die twee nagte. (Die bybetaling vir enkelkamers in die hotelle sal dus ongeveer R7 140 uitwerk).
- Binnelandse aansluitingsvlugte: Koop dit self of reël deur ons.
- Vervoer na en van Johannesburg en ander binnelandse lughawens.
- Hantering van bagasie by hotelle in Skandinawië is opsioneel: ongeveer R2 000.
- Persoonlike uitgawes op die toer: Bv u eie eet- en drinkgoed, telefoonoproepe ens.

### OPSIONELE TOERE:

- **Skandinawië**
- Feitlik alle uitstappies en besoeke is by die toerprys ingesluit. Begroot ongeveer R1 200 indien u die volgende sou wil doen: Met 'n elektriese karretjie wil ry na 'n gletcher (dit is 'n stywe opdraande stap, maar 'n heerlike buitelig-ervaring); 'n konsert in Bergen wil bywoon en met 'n ski-simuleerder in Oslo wil ervaar hoe dit voel om met 'n duiselingwekkende snelheid teen 'n berg af te ski!
- U kan per helikopter oor die grootste sneeuvelde in Europa vlieg teen ongeveer R 2 500 per persoon indien 'n helikopter beskikbaar is by Loen in Noorweë.

## BEREKENING VAN TOERPRYS

Die toerprys is onderhewig aan 'n minimum van 20 ingeskrewe toerlede en is uitgewerk per persoon wat deel. Soos met enige ander toer is hierdie toer ook onderhewig aan faktore buite ons beheer wat die toerprys en toerdatum kan beïnvloed, soos wisselkoersveranderinge, lughawebelasting en brandstofpryse.

Dit was nog altyd ons beleid om nie ligtelik 'n toerprys te verhoog nadat dit vasgestel is nie. Ons is egter genoodsaak om die toerprys aan te pas indien die wisselkoers teenoor die betrokke buitelandse geldeenheid baie sou verander.

## DEPOSITO EN INSKRYWING

'n Deposito van **R5 000** per persoon is met inskrywing betaalbaar. Volledige besonderhede ivm die aankope van vliegkaartjies (kontant of per kredietkaart), die uitneem van visums, versekering, ens word vroegtydig per omsendbrief aan toerlede gestuur.

'n Tjek uitgemaak aan **CHRISTINE VAN WYK-TOERE**, afskrif van 'n bankdeposito-strokie\* of bewys van elektroniese oorbetalings (EFT) moet saam met die Inskrywings- en Vrywaringsvorme aan ons gestuur word.

*\*Voeg die ekstra heffing, soos deur u eie bank bepaal, by kontant-inbetalings.*

### Bankbesonderhede:

**Standard Bank, Pretoria-Noord, Rekeningnommer: 410 722 782, Takkode: 01-04-45 of 05-10-01**

## BELANGRIK

Ons kan ongelukkig vir niemand plek hou nie. 'n Inskrywing is eers geldig wanneer ons die **deposito tesame** met die **Inskrywingsvorm** en **getekende Vrywaring van elke toerlid** ontvang het. Dié Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word.

Wanneer ons u Inskrywingsvorm, getekende Vrywaring en deposito ontvang, stuur ons aan u Omsendbrief 1 met al die nodige besonderhede ivm klere wat u moet saamneem, ens. Daarna ontvang u gereeld nog omsendbriewe met nuus en inligting. **Dui enige kontakbesonderhede (adres of telefoonnommers) wat verander, duidelik op u briefwisseling met ons aan.**

**BELANGRIK: Voornemende toerlede moet beseft dat hulle deel vorm van 'n groep en dat toerlede se optrede en persoonlike omstandighede op geen manier die ander toerlede se belange mag benadeel nie. Mense wat byvoorbeeld moeilik beweeg, kan die groep vertraag en kan nie verwag dat medetoerlede hulle permanent moet bystaan nie. Persone wat permanente hulp of bystand nodig het, moet iemand saamneem wat na hulle kan omsien.**

## TERUGBETALING, INDIEN VAN TOEPASSING

Aangesien die toergeld lank vooruit aan ons oorsese agente betaal moet word, is die volgende van toepassing:

- Indien toerlede genoodsaak is om vóór **23 Maart 2018** te kanselleer, kry hulle by **skriftelike** kansellasie **R4 500** van die deposito terug.
- Indien toerlede genoodsaak is om tussen **23 Maart en 23 April 2018** te kanselleer, kry hulle by **skriftelike** kansellasie **R4 000** van die deposito terug.
- **Ná 23 April 2018** word **geen** deposito's terugbetaal nie. Sien KANSELLASIE.
- Indien 'n toerlid **vanweë siekte** genoodsaak is om te kanselleer voor die finale toerprys betaal is, dws voor **23 April 2018**, word die **volle deposito minus R500** administratiewe koste by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal sodra ons u bankbesonderhede ontvang. In die geval van kansellasie as gevolg van siekte ná betaling van die volle toerprys, geld u versekeringsdekking (Sien KANSELLASIE).

## KANSELLASIE

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u moet kanselleer, u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis, mits die rede vir kansellasie kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering sal gestuur word aan almal wat inskryf. Toerlede het die keuse om hul versekering deur ons uit te neem of dit privaat te doen en dan net die reisversekeringsdokumente as bewys te verskaf.

## FINALE BETALING

**Die volle toerprys plus alle ander geld (lughawebelasting, visums, footjies, versekering ens) moet teen 23 April 2018, of so gou moontlik daarna indien u in 'n later stadium inskryf, betaal wees.** Die toerprys word aan ons betaal – nie per kredietkaart nie, maar deur tjeks te pos of tjekdeponerings of internetoerplasinge te maak.

## AGTERBLY NA DIE TOER (WEGBREKERS)

Dit is moontlik om ná afloop van die toer op u eie verder te reis. KLM/Air France se wegbrekersfooi beloop ongeveer R500. Skakel ons kantoor vir meer inligting.

**Vliegkaartjies en konsessiehouers**

U vlieg met KLM en Air France. Al die groepkaartjies word deur **Benita Venter** van **Fernweh Travel** uitgereik. Konsessiehouers of persone wat om een of ander rede nie die groepvlug wil gebruik nie, kan die vlugprys van die toerprys, aftrek. **\*Vlugprys: R3 358** (Let wel dat u die deposito wat ons op die vlug betaal het, kan verbeur.)

**ENKEL-AKKOMMODASIE**

Toerlede kan enkelakkommodasie kry, mits hulle bereid is om 'n bedrag by te betaal. U spaar baie as u 'n kajuit-/kamermaat het. Probeer gerus 'n kennis oorreed om saam te gaan. Ons probeer om vir enkellopende toerlede 'n geskikte kajuit-/kamermaat te vind, **maar staan onder geen verpligting om dit te doen nie.**

**PASPOORTE (BAIE DRINGEND!)**

**Maak seker dat u paspoort vir minstens 3 maande ná afloop van die toer nog geldig is.** Daar moet ook genoeg skoon bladsye in u paspoort wees vir die visum wat u benodig en vir die doeanestempels.

**LW – Doen dadelik aansoek vir u nuwe paspoort indien u s'n verval het. Kinders onder 18 jaar benodig 'n "Unabridged"-geboortesertifikaat. Dit neem ongeveer drie maande om só 'n sertifikaat van die Departement van Binnelandse Sake te bekom. (Dit is 'n geboortesertifikaat waarop albei ouers se volle name en ID-nommers verskyn)**

Ons sien daarna uit om weer hierdie besondere toer aan 'n gelukkige groep toerlede te bied.